INWERKINGSTELLINGSGIDS VIR 2021 SE INGESTELDHEID VIR GROEI

Die Ingesteldheid vir Groei-intervensie moedig leerders aan om te strewe na die verbetering van hulle leer- en presteervermoëns, na volharding, en die opbou en handhawing van 'n positiewe ingesteldheid vir sukses in die lewe.

Ingesteldheid vir Groei moet in werking gestel word deur die volgende **aanlyn skakels** op elkeen van die drie plakkate te volg:

- Registreer
- Grondlynvraelys
- Verpligtende en bykomende video's oor Ingesteldheid vir Groei
- Aktiwiteite vir Ingesteldheid vir Groei
- Konsolidering
- Eindlynvraelys

Distrikte/skole moet die plakkate oor Ingesteldheid vir Groei by skole/leerders **bemiddel**, wat volgens die volgende tydsraamwerke moet plaasvind:

- Sessie 1-plakkaat: Maart – April 2021
- Sessie 2-plakkaat: Mei – Junie 2021
- Sessie 3-plakkaat: Julie – Augustus 2021

Herhaling en versterking van die Ingesteldheid vir Groei-konsepte kan gereeld uitgevoer word.

Distrikte sal die toepaslike **plakkate** ná elke suksesvolle afhandeling van die vorige plakkaat en volgens die toepaslike tydsraamwerke uitreik.

Toestemmingsvorms moet voor die intervensie aan alle leerders onder 12 jaar uitgereik word en dit moet by die skool volgens veilige dokumentbewaringsprotokolle bewaar word.

Die **OBIS**-nommer van die skool moet aan die leerders bekendgemaak word.

Leerders behoort hulle **SOBIS**-nommer te ken en hoef slegs die nommer in te tik en nie hulle voorletters nie.

Dit is van uiterste belang dat skole alle voltooide grondlyn- en eindlynvraelyste indien.

Dankie vir julle deelname aan die Ingesteldheid vir Groei-intervensie.

Begaafdheid word nie deur gene bepaal nie; Dit word deur ingesteldheid bepaal - Carol Dweck

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

WKOD
transformeer om te presteer